

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 215

(Junie 1987)

Ek bely en beleef: Christus ly in my plek

* * * * *

"Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word"

(Gal. 3:13)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Vervloek - vir ons...

Gal 3:13 "Christus het ons losgekoop van die vloek . . ." deur in ons piek 'n vervloekte te word."

Om deur God vervloek te wees het in die Bybelse sin van die woord 'n skrikwekkende betekenis en 'n vreeslike uitwerking.

Die woord "vloek" in die Bybel kom oorspronklik van 'n woord wat beteken:

"lig wees"

teenoor

"swaar wees."

Dit wil sê: iets of iemand wat vervloek is, dra by wyse van spreke geen gewig nie. Sô iemand is dus onbelangrik, onaansienlik, sonder betekenis, verag, verworpe.

Dit is die angswekkende uitwerking wat die vervloeking van God het: Dit bring 'n mens in die diepste vernedering, in die grootste eensaamheid.

Dit veroorsaak liggaamlike en geestelike nood. Dit het 'n welvarende in 'n bedelaar verander, 'n lewende in 'n dooie. Geen menslike krag is daarteen opgewasse nie — die vervloekte het weerloos gestaan.

In Deut. 27 word die seën en die vloek van God in verband gebring met die twee berge Gerisim en Ebal:

- Gerisim — die geseënde — was eens 'n vrugbare tuin, vol van welige plantegroei en skoonheid. Want hy wat deur God geseën word bloei en groei en brei uit.
- Ebal — die vervloekte — was egter 'n dorre en droë rots, waaruit alle vrugbaarheid gewyk het en waar geen ontwikkelings-moontlikhede bestaan het nie.

WANT HY WAT DEUR GOD VERVLOEK WORD, VEREENSAAM EN VERDOR EN SY KRAGTE VERDWYN.

Iemand wat deur God vervloek is, is soos die berg Ebal. Hy is lig en sonder betekenis, 'n dorre en onvrugbare rots, vereensaam en sonder ontwikkelingsmoontlikhede, 'n bedelaar, 'n dooie, verag en verworpe, aangewese op verdwynende kragte, en aan die verderf prysgegee.

In Israel destyds was die vervloekte ook beskou as 'n uitgeworpene uit die samelewing. Hy is buite die gemeenskap gestel. Die vloek het alle bande deurgesny, dit maak eensaam en verlate.

Om deur God vervloek te wees, het 'n vreeslike betekenis en dit dra angswekkende gevolge. Dit is 'n mag van ontbinding waarteen geen weerstand bestaan nie. 'n Vernietigingsproses wat onstuitbaar deurwerk.

En nou leer die Bybel baie duidelik dat dit die *sonde* is wat die vervloeking van God in werking stel en in beweging bring. Elkeen wat die wet van God oortree, is 'n vervloekte. Ons lees in Gal 3:10:

"Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet opgeskrywe staan nie."

Die vloek is dus deel van God se oordeel, 'n wapen in sy hand wat Hy hanteer as straf op die sonde. Elkeen wat sondig, wat God se gebooue verbreek, bring daarom en daardeur die inwerkingtrede van die vloek op homself. En nou sê die Bybel:

Daar is nie *een* wat regverdig is nie, daar is nie een wat goed doen nie, daar is niemand sonder sonde nie, selfs nie *een* nie.

Almal het afgedwaal, *almal* het ontaard. (Rom. 3.) Dit is duidelik: *Elke mens* op aarde is onderworpe aan die vloek van God. *Elke mens* verdien sy oordeel en vervloeking en straf. Daarom skryf die apostel Paulus ook: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?"(Rom. 7:24).

Maar dan bewys God sy barmhartigheid aan sondaars deur Jesus Christus. Die skone Evangelieklanke breek deur in die somber werklikheid van 'n vervloekte mensdom. God het sy Seun as Verlosser en Saligmaker voorsien!

En Paulus beantwoord sy eie vraag:

"Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus, ons Here!" (Rom 7:25).

"Jesus Christus het ons losgekoop van die vloek . . ., deur in ons plek 'n vervloekte te word." (Gal 3:13).

Ons sien Hom, ons Borg en Middelaar, op pad na die heuwel Golgota. Ons sien Hom, die Man van smarte, vermoeid en belaai, neergedruk deur die las van ons sonde.

Ons sien Hom as Vervloekte aan die kruis, aan die vloekhout — want daar staan:

"Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is." Ons sien Hom daar: Verworpe en ontledig, weerloos soos 'n lam wat na die slagplek gelei word, verag en bespot. Ons hoor Hom in uiterste eensaamheid en verlatenheid uitroep:

"My God, my God, waarom het U My verlaat?" Ons sien Hom blootgestel aan die oordeel en die verderf, as die druppels doodsweet Hom aftap.

Daar hang Hy in ons plek, met ons vervloeking op Hom geneem — sodat ons kan opstaan in 'n nuwe lewe, bevry van die vloek. Ons dank Hom wat ons losgekoop het van die vloek deur in ons plek 'n vervloekte te word. Ons loof Hom dat Hy dit volkomelik gedoen het, die gevangenisdeur vir ons oopgemaak het, en aan sy gelowiges vrylating skenk. Daarom reageer ons met dankbare ootmoed op sy uitnodiging:

"Kom na My toe, *almal* wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." (Matt. 11.)

Ds. Pieter van der Walt

Christus pleit vir ons

"(Christus) sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons". (Rom. 8:34)

CHRISTUS LEWE!

Hy was dood, maar Hy het uit die dood opgestaan. En nou lewe Hy — in die hemel.

Toe Hy opgevaar het na die hemel, het Hy nie opgevaar om daar ledig te wees nie. Nee, Christus is in die hemel aan die regterhand van God, *dus* in 'n magsposisie, in 'n regeerposisie.

En daar is Hy onverpoos besig om ten behoewe van sy kerk op te tree. Daar *pleit* Hy by God die Vader vir ons.

Onverpoos is Christus in die hemel besig om vir ons te bid! Hy het gesterf vir ons sondes, en nog steeds pleit Hy vir ons vrypraak!

GEBEDE WORD VERHOOR

Alles wat ons as mense doen, is besoedel met sonde. Daar is nie een oomblik van ons lewe waarvan ons kan sê: Toe het ek nie God se wet oortree nie.

Ook ons gebede is deurdrenk van sonde. Ons bid nie soos ons behoort te bid nie, en wat ons nie geoorloof is om te bid nie.

Watter waarborg het ons nou dat God sulke gebede verhoor? Ons enigste waarborg is geleë in Jesus Christus! Hy pleit vir ons.

1 Joh. 2:1: "Ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader". Christus tree vir ons by God die Vader in. Hy tree volkome vir ons in. In die *hemel* tree Hy (wat nooit sluimer of slaap nie!) vir ons op — ons wat hier op die aarde is.

Ons Here Jesus Christus het vir ons 'n *onfeilbare* belofte gegee dat as ons iets *in sy Naam vra*, Hy dit vir ons sal gee. Joh. 14:4: "As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."

ALLES TEN GOEDE

"Nee!" is ook 'n antwoord.

Wanneer die Here jou gebed met 'n "nee!" beantwoord, beteken dit nie dat Hy jou gebed nie verhoor het nie, dat Hy doof was vir jou geroep nie.

Inteendeel: "Nee!" is ook 'n antwoord. Baie keer sê 'n vader vir sy kind "nee!" as hy weet iets is nie goed vir sy kind nie. 'n Swakke vader weet ook om vir sy kind goeie dinge te gee.

In meerdere mate is dit waar van hoe ons Hemelse Vader met sy kinders maak.

Rom. 8:28 "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet".

As Hy vir jou "nee!" sou sê vir iets wat jy van Hom afbid, dan doen Hy dit só omdat dit vir jou die beste is.

Wanneer jy siek is en jy bid om gesond te word, en jy word nie gesond nie, dan het jou hemelse Vader net die aller-edelste daarmee in die oog. Byvoorbeeld: Hy kan jou beproef om jou nader na Hom toe te trek. Hy kan jou louter om jou geloof in Hom te versterk. Hy kan al die steiers (ook die steierwerk van jou eie gesondheid) om jou afbreek sodat jy uiteindelik *net op Hom* sal vertrou.

Wanneer die satan jou versoek, wanneer hy met sy listige planne probeer om jou te laat struikel, dan kan jy met groot verwagtinge jou toevlug tot God neem. Hy sal jou kan help. Hy sal jou weer vrede in jou hart gee. Jesus Christus (deur wie jy tot die Vader bid), sal verstaan. Hy is ook deur die satan versoek. Maar Christus het die satan oorwin. Hy is —

vandag nog! — sterker as die satan.

Jou Voorspreker — jou Advokaat — in die hemel sal jou ook van Satan se aanvalle verlos!

Vra Hom net kinderlik gelowig *daarvoor!*

Nader tot God en Hy sal tot jou nader!

A. H. Grové

Onverdiende loon

Op verskeie plekke in die Bybel stel die Here dit kategorieë:

- deur *geloof* word jy salig
- *geloof* bring regverdiging
- deur die *geloof* erf jy die ewige lewe (Kyk maar Hab. 2:4, Rom. 1:17 Joh. 3:36.)

Met ander woorde: Alléén deur die geloof word mense salig . . .

- nie deur hulleself nie
- nie deur die kerk nie
- nie deur goeie werke nie . . .

Geloof . . . en geloof alleen!

Logies sal 'n mens dan vra: Kan jy nou doen wat jy wil . . . maak wat jy wil . . . solank jy maar net glo? Want solank jy glo, is jy tog salig?

Nee, geliefde Leser! Geloof is géén wondermiddel of besit geen toorkrag om sonde oornag reg te stel nie. Nee, iemand wat sê dat hy *geloof* het, móét ook die *eise* van geloof nakom!

Inteendeel, die apostel Jakobus sê in hoofstuk 2: "As geloof nie tot *dade* oorgaan nie; is dit dood (vers 17).

Natuurlik sal goeie werke alléén jou nie kan red nie — maar goeie werke is die *vrug* van geloof!

As die Bybel sê: Glo . . . en jy *sal* gered word — word vrugte of werke of eise van geloof veronderstel.

So sien ons bv. in Lukas 17 dat Jesus en sy dissipels hieroor in gesprek is. En dan stel Christus die *eise* van geloof:

- geloof laat nie ander mense struikel nie (vers 2)
- geloof is vergewensgesind (verse 3 en 4)
- geloof dra vrugte (vers 6)

En as die dissipels die eis van geloof hoor, weerklink hulle noodroep in vers 5: "Here, gee ons méér geloof!"

Nee dissipels, sê Christus vanaf vers 6:

- om vrugte te dra hang nie af van die grootte van geloof nie.
- geloof is nie 'n wondermiddel waardeur jy 'n knoppie druk en alles kom reg nie.

Nee, 'n mens moet *WERK* met jou geloof. Jou geloof moet groei. En dit kan alleen gebeur:

- As jy met die Bybel in aanraking kom — want dis die instrument wat die Heilige Gees gebruik om geloof te werf.
- Geloof is onverdiende loon
- so ook die ewige lewe
- so ook goeie werke

Ja, alles is genade! Daarom *glo* ons . . . uit genade. En omdat ons glo, *doen* ons ... uit genade. En omdat ons *doen* . . . leef ons uit genade — 'n lewe tot in ewigheid!

Ds. Nico Lighthelm

Regverdig verklaar deur die geloof

Jy het seker ookal die vraag gevra: Wat is my posisie voor God? Ons sondes werp egter 'n donker skaduwee oor hierdie vraag. Volgens die geregtigheid wat God van ons eis moet ons die kwade nalaat en die goeie doen. Dit is egter die ongeluk dat ons doen wat ons nie moet doen nie en nalaat wat ons moet doen. (Vgl. Rom. 7:19.) Ons staan dubbeld skuldig voor God. Ons voer Sy wet nie uit nie. Vanweë die sondes verkeer ons in 'n staat vol van ongeregtigheid voor God. Hoe kan so 'n sondaar nou regverdig wees voor God? U is dalk ook op soek na rus vir u gemoed en vrede vir u hart. Om dit te probeer vind langs die weg van goeie werke en godsdienstige ywer sal nooit slaag nie. In die brief aan die Romeine waarsku die HERE ons daarteen: "Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo. (Rom. 3:21, 22.)

Te midde van ons eie onwaardigheid staan ons hier ook voor die grootheid van God se genade in Jesus Christus. Wat sou tog van ons geword het as God die ongeregtighede moes gadeslaan en ons daarvoor moes straf? (Ps. 130:3, 4.) Maar nou dink God nie meer daaraan nie. Hy sien ons aan asof ons net so vlekkeloos rein en heilig is as sy eie Seun, Jesus Christus.

Eers was ek 'n sondaar wat vanweë al my ongeregtigheid verdoem moes word. Nou is ek egter 'n begenadigde sondaar, een wat deur God regverdig verklaar is. (Rom. 3:24. "En hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.)

Hierdie verlossing van sondes ---

Hierdie versoening met God ---

Hierdie volkome geregtigheid voor God ---

-----kan jy as mens alleen besit in Christus Jesus.

Die geloof is die enigste band wat ons so aan Christus verbind. Wie in die geloof in Christus is het niks verder nodig nie.

Dit kom dus alleen neer op die geloof. Jy kan regverdig wees voor God, nooit ter wille van jou geloof nie, maar alleen deur die geloof wat God jou skenk om sy weldade aan te neem.

Christus het gesê: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe" (Joh. 11:25). Paulus sê vir die tronkbewaarder van Filippi: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Han 16:31). Aan die vrou wat as't ware met die bewende hand van die geloof die soom van Christus se kleed aangeraak het, word gesê: "Hou goeie moed dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede" (Luk 8:48).

Jou posisie voor God word dus bepaal deur die vraag: Glo jy in Jesus Christus as jou enigste en volkome Verlosser en Saligmaker?

Ds. Sarel Cilliers

Doen wat jy bely

As iemand vir jou sou sê: "Ek glo", sal die eerste teenvraag noodwendig móét wees:

Jy glo? Goed my vriend, maar *WAT* glo jy?

- Geloof, geliefde Leser, moet *altyd INHOUD* hê!
- Geloof moet op iemand of iets *gerig* wees.
- Geloof moet 'n *adres* hê!

Die nié genoeg om net te sê: Jy glo, nie. Jy moet noodwendig kan sê: *WAT* die inhoud van jou geloof is.

En hierdie inhoud van die geloof, noem ons " 'n belydenis" of ons geloofsbelydenis. Dit beteken:

- Ons sê *wat* ons glo
- Ons gee inhoud aan ons geloof — 'n *geloofsbelydenis!*

En verder . . . om net te sê *wát* jy glo, is ook nog nie genoeg nie! Nee, jou geloof, en dit wat jy sê waarin jy glo, moet in woord *en* daad tot uiting kom!

As jy sê: Ek glo in Jesus Christus . . . dan moet jy *LEEF* soos 'n Christen, *DOEN* soos 'n Christen; *MAAK* soos 'n Christen.

As jy sê: Ek glo in Jesus Christus . . . dan moet jy *LEEF* soos 'n Christen, *DOEN* soos 'n Christen; *MAAK* soos 'n Christen.

As jy sê: Ek glo aan 'n kerk . . . dan moet jy kerk toe gaan; meeleeft met jou kerk; die kerk dra deur gebed en voorbeeld.

Dit alles staan so pragtig geskryf in Hebreërs 4:14:"... laat ons vashou aan die geloof wat ons bely". Moenie sê jy glo of selfs sê *wat* jy glo — en dit dan nie doen en uitleef nie!

Nee, hou vas sê Hebreërs — m.a.w.:

- * hou vas aan dit wat jy bely
- * leef die beginsel van jou hart
- * bely vrymoedig met jou mond

Kortom: Hou só vas waaraan jy glo, dat jou *lewe* deurdronge sal wees ...

— met belydenis

— *en* werke!

Hoekom? vra die Hebreërskrywer? Omdat Jesus Christus gely en gesterf en opgestaan het ... vir **JOU!**

Hy het alles gehoorsaam volbring tot die einde toe . . . sodat jy en ek kan glo.

— kan sê *wat* ons glo

— en kan *doen* wat ons sê ons glo!

Ds. Nico Lighthelm